

Skrifgedeelte: Psalm 117

Fokusgedeelte: Psalm 117

God se liefdevolle sorg en trou

Die volke en nasies tot aan die eindes van die aarde word in hierdie psalm opgeroep om die HERE, die God van die verbond, te loof en te prys. Die vraag is natuurlik waarom hulle Hom sou prys as hulle nie van Hom weet en Hom nie eens ken nie. Die sleutelwoord in hierdie heel kortste psalm is die heel kort woordjie “ons”.

Ons, sy kinders, sy volk, sy kerk, ken Hom wel. Ons beleef Hom in sy optrede teenoor ons, sy verbondsvolk, as liefdevol en goed en vol genade. Boonop sê die digter van die psalm dat hierdie liefdevolle sorg teenoor ons geweldig is. Dit is kragtige daade wat ons dikwels hopelose omstandighede onmiskienbaar omkeer en verander.

Daar is ook ’n tweede eienskap van God wat ons nie kan miskyk of ontken nie. Dit is sy trou, wat standhoudend is. Hy verander nie soos ons wat dikwels wisselvallig in ons optrede nie is. Sy trou teenoor ons en sy beloftes is onwankelbaar vas, vir ewig.

Feit is dat ons wat sy sorg en trou ken en beleef, dit ook by ander moet kry wat nog ver van Hom af is. Dan alleen kan hulle ook deel word van die “ons” wat Hom reeds loof en prys. Dan alleen word die lof aan Hom ’n magtige dreuning, ’n saamsing met die groot menigte van Openbaring 19. Laat jou lewe daarom vandag getuig van sy liefde en sy trou oor jou!

Sing: Psalm 150-1:1-3

Ds. BC Smit (Ben) (Pretoria-Meintjeskop)